



WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Intreerede nr. 115

**DIE ROL VAN DIE INSTITUUT VIR
BEPLANNING EN ONTWIKKELING
AS EENHEID VIR NAVORSING,
OPLEIDING EN
GEMEENSAPSDIENS**

J.L. Schutte

Intreerede op 30 Junie 1989

Departement Sentrale Publikasies
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
Potchefstroom
1989

Die Universiteit is nie aanspreeklik vir menings in die publikasies uitgespreek nie.

Navrae in verband met die *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

**Die Direkteur
Departement Sentrale Publikasies
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
2520 POTCHEFSTROOM Suid-Afrika**

© 1989

ISBN 1 86822 018 4

INHOUDSOPGAWE

1	Inleiding	1
2	Plek en rol van die universiteit in die sosiale struktuur	2
2.1	Tradisionele identiteit — kontemporêre tersaaklikheid	2
2.2	Universaliteit — Partikulariteit	2
2.3	Outonomie — Beperking	3
3	Uitwerking wat die ontginning van universiteitsnavorsing op die plaaslike ekonomie kan hê	4
3.1	Stedelike en nywerheidskonteks	4
3.2	Kultuur van die universiteit	4
3.3	Tipe en kwaliteit van navorsing	4
3.4	Netwerk van kundigheid	4
3.5	Beskikbaarheid van bronne	5
3.6	Tyd	5
3.7	Openbare besteding	5
4	Instituut vir Beplanning en Ontwikkeling	6
4.1	Beginselgrondslae	6
4.2	Ontstaan	6
4.3	Doelstellings	6
4.4	Navorsing	9
4.5	Opleiding	11
4.6	Gemeenskapsdiens	15
	Bronne	16

DIE ROL VAN DIE INSTITUUT VIR BEPLANNING EN ONTWIKKELING AS EENHEID VIR NAVORSING, OPLEIDING EN GEMEENSKAPSDIENS

1 INLEIDING

Die universiteit as 'n sosiale instelling, met sy eie aard en funksie, maak deel uit van 'n groter maatskaplike orde. Binne hierdie maatskaplike orde verkeer die universiteit in voortdurende wisselwerking met 'n verskeidenheid ander instellings en sisteme. 'n Wisselwerking veronderstel 'n wederkerige invloed op mekaar, wat in die praktyk o.a. daarop neerkom dat aansprake op die universiteit gemaak en eise aan hom gestel kan word.

In die algemeen hang hierdie aansprake en eise met 'n verskeidenheid faktore saam. Sodanige faktore is onder andere nuwe vereistes wat deur industriële en tegnologiese ontwikkeling aan wetenskaplike navorsing gestel word, ekonomiese werklikhede van die dag, demografiese tendense, en veranderde mannekragbehoefte. Baie wesenlik is veral die prosesse van sosiale, politieke en staatkundige veranderinge wat op dreef gekom het, saam met die uitwerking daarvan op die bepaling van nasionale voorkeure en op die verdeling van openbare geld (KUH Onderzoek, 1987: 1).

Die plek en rol van die universiteit as sosiale instelling is 'n aspek waaroor die afgelope tyd baie navorsing gedoen is. In die verband het die Hoofkomitee van die Komitee van Universiteitshoofde 'n omvattende ondersoek na die makro-aspekte van die universiteitswese binne tersiêre onderwysverband in die RSA geloods (1987 : 1). In hierdie dokument word besin oor die posisie van die universiteit in sy verhouding tot ander instellings van die samelewing asook binne die maatskaplike stelsels waarvan dit 'n onderdeel vorm. Verder, watter take uitsluitlik die verantwoordelikheid van die universiteit is, en watter verwagtinge daarom met reg van die universiteit gekoester kan word. Hoewel daar verskillende beklemtonings t.o.v. die plek en rol van universiteite in Suid-Afrika kan bestaan, moet aanvaar word dat universiteite tot dieselfde soort instelling behoort en binne dieselfde breë maatskaplike orde moet funksioneer. Daar bestaan volgens die komitee (1987: 2) sowel die behoefte as die moontlikheid om sekere algemene riglyne in hierdie verband te formuleer.

Wanneer daar later in hierdie rede besin word oor die rol van die Instituut

vir Beplanning en Ontwikkeling, sal dit gedoen word teen die agtergrond van die plek en rol van die universiteit, met verwysing na sekere polêre spanningsverhoudinge wat hieronder kortliks genoem sal word.

2 PLEK EN ROL VAN DIE UNIVERSITEIT IN DIE SOSIALE STRUKTUUR

2.1 Tradisionele identiteit — Kontemporêre tersaaklikheid

Die uiterste pole sou hier aan die een kant 'n interpretasie van die identiteit van die Universiteit wees wat sy tersaaklikheid vir die maatskaplike omgewing geheel en al verontagsaam of van geen belang ag nie, en aan die ander kant 'n vertolking van die eis van tersaaklikheid wat die universiteit die gevaar laat loop om sy besondere historiese identiteit te verloor.

Die eis van tersaaklikheid wat aan die universiteit se navorsingsfunksie gestel word, kom daarop neer dat navorsingsaktiwiteite toegespits behoort te wees op die oplossing van praktiese probleme waarmee beleidmakers en besluitnemers in die samelewing te kampe het. Ten opsigte van die onderrigfunksie moet die leerplanne en programme só ingerig wees dat dit in die maatskappy se behoeftes aan hoëvlakmannekrag voorsien.

Eerste algemene riglyn

As die beliggaming van die strewende na wetenskaplike kennis behoort die universiteit die eis van tersaaklikheid op so 'n wyse te eerbiedig dat daar in al sy akademiese aktiwiteite erns gemaak word met die sosiale, ekonomiese en kulturele behoeftes van sy omgewing, maar sonder om die primêre onderrigdoel van akademiese vakkundigheid en intellektuele kreatiwiteit op te offer aan opleiding om take te verrig en om probleme op te los.

2.2 Universaliteit — Partikulariteit

Die tweede polêre spanningsverhouding wat deur die Komitee van Universiteitshoofde uitgelig word (1987 : 5) is dié van universaliteit teenoor partikulariteit. Binne hierdie twee strewes is daar hipotetiese uiterstes waarin 'n universiteit by die bepaling van sy plek en rol kan verval. Enersyds kan die universiteit hom so onderwerp aan die voorskrifte van internasionale standaarde dat dit totaal vervreemd kan

raak van sy eie sosio-kulturele omgewing. In so 'n geval kan die universiteit nie doeltreffend as 'n sentrum van kultuurontwikkeling dien nie. Aan die ander kant is daar ook die gevaar dat die universiteit so in beslag geneem kan word deur die praktiese aanspraak van sy omgewing dat daar geen sprake meer kan wees van kulturele horisonverruiming nie.

Tweede algemene riglyn

As sentrum van kultuurontwikkeling behoort die universiteit aansluiting te soek by die waardes van sy ondersteunersgemeenskappe, op voorwaarde dat hierdie verbondenheid aan die praktiese behoeftes van 'n groep nie die universele gees wat eie aan die universiteit is, aan bande lê nie, maar dit eerder sal strek tot die bevordering van 'n hegte verbondenheid aan die gemeenskap, waardeur kulturele grense verruim word.

2.3 Outonomie — Beperking

Nog 'n polêre spanningsveld waarin die universiteit hom bevind, is dié tussen die aanspraak op selfstandigheid aan die een kant en aan die ander kant die verskeidenheid beperkinge waaraan die universiteit onderworpe is. Dié outonomie sluit in die reg van die universiteit om alleen te besluit oor die keuring van sy personeel, oor die toelating van sy studente, oor sy leerplanne, oor die keuse van navorsingsprobleme en — rigtings, en oor die besteding van die geld wat hy tot sy beskikking het. Die universiteit is egter nie vir al sy beslissings aan homself alleen verantwoordelik nie. Dit is in 'n groot mate afhanklik van die finansiële ondersteuning wat hy van die staat en van die private sektor ontvang. Hierdie afhanklikheid bring mee dat die universiteit vir sy bestaan afhanklik is van die erkenning deur die breër samelewing van die belangrikheid van die bedrywighede wat dit beoefen. Die universiteit se selfstandigheid word verder aan bande gelê deur die heersende sosiale en morele kodes, deur landswette, administratiewe prosedure en talryke ander faktore. Afgesien van hierdie eksterne beperkinge word die universiteit se outonomie ook beperk deur sy eie karakter.

Derde algemene riglyn

Universiteite moet dus erken dat hul outonomie slegs binne perke uitgeoefen kan word, maar tog behoort hulle hul aanspraak op selfstandigheid te handhaaf as 'n onontbeerlike voorwaarde vir die

doeltreffende uitvoering van hulle akademiese funksies.

3 INVLOED WAT DIE ONTGINNING VAN UNIVERSITEITS-NAVORSING OP DIE PLAASLIKE EKONOMIE KAN HÊ

Navorsing deur die Britse Manpower Services Commission (1988 : iv) het getoon dat hoewel daar geen vaste reëls neergelê kan word nie, daar tog sekere faktore is wat die aard van die uitwerking wat universiteitsnavorsing op die plaaslike ekonomie kan hê, beïnvloed. Hierdie faktore word kortliks hieronder genoem.

3.1 Stedelike en nywerheidskonteks

In hierdie verband is die struktuur van die plaaslike ekonomie, die geskiedenis van industrialisasie en verstedeliking, die grootte en aard van die stedelike gebied, veral ook t.o.v. ander dorpe in die streek, faktore wat 'n rol speel om die uitwerking van universiteitsnavorsing op die plaaslike ekonomie te bepaal.

3.2 Kultuur van die universiteit

Die navorsingskultuur van die universiteit, asook die aard van skakelmeganismes met die praktyk, is faktore wat die invloed bepaal. Dié skakeling met die bedryfslewe is afhanklik van die navorsingskultuur wat die universiteit oor 'n tydperk ontwikkel het.

3.3 Tipe en kwaliteit van navorsing

Die invloed van akademiese navorsing van hoë kwaliteit is dikwels indirek.

Navorsers wat aan 'n universiteit verbonde is, kan as konsultante vir groot maatskappye optree wat dit moontlik kan oorweeg om gespecialiseerde ondernemings naby die universiteit te vestig. Tegnici, programmeerders en ander persone met 'n bepaalde kundigheid uit die private sektor kan verdere vaardighede aanleer ter ondersteuning van die primêre navorsingsgroep wat aan die universiteit verbonde kan wees. Sodoende word die poel van kundiges in die plaaslike arbeidsmark steeds groter.

3.4 'n Netwerk van kundigheid

'n Netwerk van kundigheid in die universiteitsomgewing word

geskep deur die aanwesigheid van talentvolle, gemotiveerde individue en instellings binne die universiteit self en daarbuite, bestaande uit die plaaslike bank- en sakesektor, die dienssektor, die administratiewe beplanningsowerhede en talryke ander instansies. Hierdie netwerk help om 'n ondersteunende omgewing te skep waarbinne vooruitgang kan plaasvind.

'n Belangrike oorweging in verband met hierdie faktor is dat niks vanself gebeur nie. Die deelnemers — individueel en gesamentlik — moet gemotiveer en georganiseer word om toestande en geleenthede vir vooruitgang te skep.

3.5 Besikbaarheid van bronne vir spesiale inisiatiewe

'n Spesiale poging moet van die kant van die universiteit aangewend word om momentum en blootstelling aan die omgewing te verkry om só die drumpel van minimumbetrokkenheid oor te steek. Die beskikbaarheid van bronne soos mannekrag, finansiering en ander is onontbeerlik, en alle partye, soos o.a. die owerhede, die bedryf, die gemeenskap en die universiteit, moet hierby betrokke wees.

3.6 Tyd

Nuwe inisiatiewe neem tyd, nie net om te slaag nie, maar ook om die moontlike invloed daarvan te verseker. In die geval van die sogenaamde Cambridge-Fenomeen word dit genoem "decade of investment in outstanding people, projects and institutions" (1988 : vi).

Die beginfase van die nuwe onderneming is gewoonlik die maklikste deel van die proses van universiteitsbetrokkenheid; die werklike probleme word ervaar wanneer die bestuur verander, en wanneer die instandhouding van momentum in ontwikkeling oor baie jare gehandhaaf moet word.

3.7 Openbare besteding

Openbare besteding is in drie opsigte belangrik nl.

- die opbou van 'n navorsingsbasis (en belegging in die hoër onderwysstelsel oor die algemeen);
- verkryging van goedere en dienste, en
- ondersteuning van nuwe universiteitsnywerheidsprojekte.

In die VSA is die Federale Regering hoofsaaklik by basiese navorsing en die finansiering daarvan betrokke, terwyl die State toenemend by tegnologieoordrag en die kommersialisering van bedrywe betrokke raak (1988 : vii).

Ook in die Suid-Afrikaanse omstandighede is praktykgebonde navorsing hoofsaaklik die funksie van streeks- en plaaslike owerhede, aangevul deur die private sektor.

4 INSTITUUT VIR BEPLANNING EN ONTWIKKELING

Alvorens verwys word na die ontstaan, doelstellings en rol van die Instituut, sal kortliks gelet word op die beginselgrondslae wat as basis dien vir die Instituut se werksaamhede.

4.1 Beginselgrondslae vir Beplanning

Teen die einde van die 19e eeu het Patric Geddes begin om die beplanningsbegrip te beïnvloed. Sy standpunt was dat daar in beplanning op alle fasette van die menslike bestaan gelet moet word. Hy toon die wisselwerking tussen die drie elemente: plek, werk en mense (Geddes, 1949 : 200-213) aan.

In 1968 bring Doxiadis die nuwe benadering van ekistika tot beplanning. Hy noem ekistika die wetenskap van menslike nedersettings. Hierdie wetenskap bestudeer vyf elemente, naamlik natuur, mens, gemeenskap, selle, netwerke en hul onderlinge verwantskap. Ekonomie, sosiale en politieke wetenskappe, administrasie, tegniese en kulturele vakrigtings lewer 'n direkte bydrae tot ekistika. Menslike nedersettings bestaan oral waar mense woon. Daar is drie funksies in sulke nedersettings, te wete woon, ontspan en werk, en om die wisselwerking tussen die drie te bestudeer, moet die vervoer tussenin bygewerk word. (Doxiadis, 1968 : 1, 15-25, 55, 77).

Verskeie outeurs se doelstellings met beplanning gaan om die skepping of verbetering van toestande vir mense (Sosiale en Ekonomiese Planneraad, 1944 : 12; United Nations, 1967 : 6). Die Beplanningsadviesraad se Hulpkomitee (1970 : 11) meld in sy beskrywing van die begrip fisiese beplanning dat dit 'n bydrae tot die veiligheid, voorspoed, algemene geluk en welsyn van die mense moet lewer. Potgieter (1979 : 7) oordeel dat stads- en streekbeplanning gemoed is met die ruimtelike en fisiese aspekte van die wisselwerking tussen mense, hul omgewing en hul bedrywighede, en dat beplanning na die ordening van dié ingewikkelde verhoudings streef.

In die Aanhef tot die Grondwet van die Republiek is die volgende een van die nasionale doelstellings: "Om die geluk en geestelike en stoflike welvaart van almal te bevorder ..." (Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1983 : 1302). Volgens Rose (1974 : 26) is dit inherent aan die oogmerke en metodes van beplanning dat dit met die verbetering van die mens gemoeid is.

Advokaat (tans Regter) Olivier oordeel (1985) dat beplanning in openbare belang behoort te wees. In die proses van bepaling wat openbare belang is, moet gepoog word om elkeen te laat toekom wat hom toekom. Die Suid-Afrikaanse gemeenskap onderskryf die beginsel van natuurlike geregtigheid (Joubert, 1976 : 50), wat ook onderliggend aan die land se regsisteem in (Rose Innes, 1963 : 145). Volgens Olivier lê die grondslag van die idee van geregtigheid daarin dat gepoog word om 'n balans te probeer verkry tussen individuele belange teenoor byvoorbeeld staats- of gemeenskapsbelange.

Potgieter (1979 : 7) definieer beplanning soos volg:

"Stads- en Streekbeplanning is gemoeid met die ruimtelike en fisiese aspekte van die wisselwerking, intern en onderling, tussen mense, hul omgewing en hul bedrywighede, en dit streef na die optimale ordening van dié ingewikkelde verhoudings."

In die uitvoering van die rol van die Instituut word dit gedoen met die wete dat die uitvoering van so 'n taak 'n roeping is waarin 'n mens voortdurend ook te make het met die uitvoering van die opdragte van God. Enersyds omdat dit gemoeid is met voorstelle rakende die aanwending van hulpbronne wat die Skepper beskikbaar gestel het en dit dus tot Sy eer moet geskied, en andersyds omdat dit gemoeid is met voorstelle rakende dié daarstelling van 'n omgewing waarin die mens gelukkig kan woon, werk en ontspan en dit dus gepaard moet gaan met naasteliefde waarin die beginsel van geregtigheid vervat is.

4.2 Ontstaan

Die Beplanningskool aan die PU vir CHO is in 1965 in die lewe geroep. Dit bestaan uit die Departement Stads- en Streekbeplanning en die Instituut vir Beplanning en Ontwikkeling.

4.3 Doelstellings van die Instituut

Die doelstellings van die Instituut vir Beplanning en Ontwikkeling,

soos vervat in sy reglement, is die volgende:

1. Om navorsingswerk in verband met alle aspekte van stads- en streekbeplanning, die verbandhebbende ekonomiese en maatskaplike aangeleenthede en ander verwante sake te onderneem en te koördineer, met spesifieke aandag aan die westelike dele van Suid-Afrika.
2. Om simposiums, vergaderings of ander byeenkomste te reël oor vraagstukke wat bogemelde aangeleenthede raak.
3. Om die navorsingsresultate van die Instituut, waar moontlik, te publiseer.
4. Om enige ander werk te onderneem wat bostaande doelstellings kan aanvul.

Die Instituut vir Beplanning en Ontwikkeling van die PU vir CHO is gebore uit die oortuiging dat die Universiteit en sy omgewing wedersyds aan mekaar iets kan gee: die omgewing die studente en die middele aan die Universiteit om telkens 'n nuwe geslag potensieël leiers vir die lewe voor te berei, en die Universiteit sy spesifieke kundighede aan die omgewing om die hoogste mate van voorspoed op alle terreine daarin na te streef en om die kwaliteit van die lewe in samewerking met die mense daarin te verhoog.

As sy diensgebied aanvaar die Instituut alle plekke en gemeenskappe wat hom om advies nader. Dit is dus nie net 'n geografies afgebakende diensgebied nie, maar ook 'n diensgebied wat opgebou is uit geestelike verwantskappe. Werk wat deur die Instituut gedoen is, betrek gevolglik plekke oor 'n uitgestrekte gebied: van Wakkerstroom in die ooste tot anderkant Upington in die weste, en van De Aar in die suide tot teenaan die grense van Botswana in die noorde.

'n Vraag wat op hierdie tydstip na vore kom, veral ook in die lig van rasionalisasie wat by die Universiteit plaasvind, is of die aanvanklike doelstellings van die Instituut nog versoenbaar is met die ontwikkelingswerklikhede van die land as geheel, en meer spesifiek t.o.v. Ontwikkelingstreek J.

Vervolgens sal gelet word op die navorsings-, onderrig- en gemeenskapsdienstaak van die Instituut.

4.4 Navorsing

'n Sleutelvraag wat by navorsers na vore kom, is hoe om navorsing op so 'n wyse te onderneem dat dit 'n konstruktiewe bydrae kan lewer in die organisatoriese, sosiale en individuele lewensopset (Hakel, D; Sorcher, M, De Beer, M, Moses J C (ed) 1982).

Hoewel die werk wat die Instituut doen, altyd rondom die een of ander aspek van streek- of stadsbeplanning wentel, is die spesifieke studies wyd uiteenlopend. Die volgende onvolledige lys van werksaamhede behoort 'n begrip van dié uiteenlopendheid te gee.

* Talryke dorpe, groot en klein, het die Instituut al genader om advies oor hul toekomstige ontwikkeling; oor die vraag waarheen en hoe groot uitgebrei moet word, waar woonstelgeboue opgerig kan word, hoe verkeersprobleme verlig kan word, of voorgestelde duur skemas die koste regverdig, en dies meer.

* Verskillende streekowerhede of streekorganisasies het die Instituut al genader met vræ soos watter rolle (soos hoofdorp, nywerheidsdorpe ens.) toegeskryf behoort te word aan die verskillende dorpe in die streek, watter gebiede in die streek die grootste groei kan verwag en hoe die streek hom daarby behoort aan te pas, wat die implikasies vir die streek sal wees as die goudmynbasis daarvan mettertyd inkrimp en verdwyn en wat die streek kan doen om die nadelige effekte daarvan te voorkom, en nog baie sulke probleme.

* Verskeie organisasies het die Instituut se hulp ingeroep in verband met aanpassingsprobleme in bepaalde omstandighede. Die uitvloeisel van een sodanige versoek was 'n indringende ondersoek na die werking en probleme van kleiner plattelandse dorpe, en 'n hele aantal voorstelle het daaruit voortgespruit in verband met sake soos die estetiese voorkoms van sulke dorpe, die onooglike leë erwe daarin, die periodieke oorstroming van die blanke koperspubliek in die sakesentrum, die beter akkommodering van die bejaarde bevolking, die herlewing van 'n aktiewe sosiale gemeenskap, en versagting van die belastingdruk op die inwoners.

* Daar was ook enkele buitengewone maar uiters interessante versoeke om advies, soos o.a. die versoeke van twee afsonderlike kerkverbande om advies oor gemeentelike grensafbakening en verbandhoudende aangeleenthede in bepaalde stedelike gebiede waarin verskynsels voorkom soos 'n groot en beweeglike woonstelbevolking,

soos vervat in sy reglement, is die volgende:

1. Om navorsingswerk in verband met alle aspekte van stads- en streekbeplanning, die verbandhebbende ekonomiese en maatskaplike aangeleenthede en ander verwante sake te onderneem en te koördineer, met spesifieke aandag aan die westelike dele van Suid-Afrika.
2. Om simposiums, vergaderings of ander byeenkomste te reël oor vraagstukke wat boëemelde aangeleenthede raak.
3. Om die navorsingsresultate van die Instituut, waar moontlik, te publiseer.
4. Om enige ander werk te onderneem wat bostaande doelstellings kan aanvul.

Die Instituut vir Beplanning en Ontwikkeling van die PU vir CHO is gebore uit die oortuiging dat die Universiteit en sy omgewing wedersyds aan mekaar iets kan gee: die omgewing die studente en die middele aan die Universiteit om telkens 'n nuwe geslag potensiële leiers vir die lewe voor te berei, en die Universiteit sy spesifieke kundighede aan die omgewing om die hoogste mate van voorspoed op alle terreine daarin na te streef en om die kwaliteit van die lewe in samewerking met die mense daarin te verhoog.

As sy diensgebied aanvaar die Instituut alle plekke en gemeenskappe wat hom om advies nader. Dit is dus nie net 'n geografies afgebakende diensgebied nie, maar ook 'n diensgebied wat opgebou is uit geestelike verwantskappe. Werk wat deur die Instituut gedoen is, betrek gevolglik plekke oor 'n uitgestrekte gebied: van Wakkerstroom in die ooste tot anderkant Upington in die weste, en van De Aar in die suide tot teenaan die grense van Botswana in die noorde.

'n Vraag wat op hierdie tydstip na vore kom, veral ook in die lig van rasionalisasie wat by die Universiteit plaasvind, is of die aanvanklike doelstellings van die Instituut nog versoenbaar is met die ontwikkelingswerklikhede van die land as geheel, en meer spesifiek t.o.v. Ontwikkelingstreek J.

Vervolgens sal gelet word op die navorsings-, onderrig- en gemeenskapsdienstaak van die Instituut.

die ontvolking van die middestad, die snelle dorpsuitbreiding in bepaalde rigtings en die geleidelike verval van ander swakker geleë woonbuurte — alles sake wat bykans onoorkomelike probleme vir individuele gemeentes skep.

* Na aanleiding van sommige van dié ondersoekte het die Instituut ook van tyd tot tyd simposiums gereël waarheen buitestaanders wat ook deur die probleme geraak word, uitgenooi is, waar die studie-resultate en voorstelle bespreek is, en waaruit nuwe denkrigtings in wye kring ontstaan het.

In enkele van die gevalle waar die Instituut met 'n probleem genader is, was 'n blote eenmalige samespreking genoeg om die saak vir die betrokkenes minstens tydelik op te klaar, veral waar dit bloot oor prosedure gegaan het. Maar in verreweg die meeste gevalle lei die probleme tot diepteondersoekte wat op rekening van en met die nouste deurlopende voeling en raadpleging van die betrokke instansies gedoen word, en waaruit as wedersydse bonus blywende kontak en vriendskappe ontstaan. Dit is ook in elke geval die voorreg van die betrokke buite-instansies om te bepaal of dié geskrewe verslag wat op die ondersoek volg, openbaar gemaak kan word en of dit 'n vertroulike huishoudelike dokument moet bly.

'n Aspek van die navorsingsrol van die Instituut wat kortliks gemeld moet word, is dié wat voortspruit uit 'n gemeenskapsdiensfunksie. Deur sy betrokkenheid as Werkgroep Navorsing van die Streekontwikkelingsadvieskomitee vir Ontwikkelingstreek J (RSA-gedeelte) is die Instituut voortdurend in noue voeling met navorsingsbehoefte binne die streek. Hierdie behoeftes word deurgegee aan personeel en studente aan die Universiteit wat reeds kosbare werk in hierdie verband gedoen het.

Een-en-sewentig persent van die RSA-gedeelte van Ontwikkelingstreek J se inwoners is swartes (Sentrale Statistiekdiens Verslag no 02-85-01). Indien die bevolking van die gebiede van Bophuthatswana wat binne Streek J geleë is, bygevoeg word by die van die RSA-gedeelte van Streek J, word gevind dat ongeveer 84% van die totale Streek J se bevolking swart is. Die ontwikkelingstatus van die streek kan in terme van ontwikkelingsbehoefte as derdewêreld geklassifiseer word. Wanneer navorsing in die streek onderneem word, moet dit dus gerig word op die ontwikkelingsbehoefte van die streek. Du Plessis (1987:34) stel dit dat hoewel die wyse van finansiering deur die staat nie direkte betrokkenheid van die universiteit in die

gemeenskap ondersteun nie, die universiteit die gemeenskap voortdurend in gedagte moet hou. Navorsing wat gerig is op die oplossing van 'n gemeenskap se probleme, moet volgens Du Plessis (1987: 34) aangemoedig en beloon word.

4.5 Opleiding

Hoewel dit van belang is dat die universiteit in noue voeling bly met die behoeftes van die gemeenskap, en die gemeenskap sal dien, is dit tog ook belangrik dat die universiteit nie so sal opgaan in dienslewering deur beroepsvoorbereiding dat die wetenskaplike vorming van studente agterweë gelaat word nie. Volgens die SANSO-verslag No. 115 (1982:12-14) bly dit nog die primêre taak van 'n universiteit om produkte te lewer wat in die eerste plek fundamenteel — wetenskaplik geskool is.

Dit lyk dus of 'n kernvraag waarmee universiteite oor die algemeen en meer spesifiek gerig op die opleiding van stads- en streekbeplanners gekonfronteer word, die vraag is hoe die eis dat hulle 'n bydrae moet lewer in die voorbereiding van studente vir die uitoefening van die beroep, versoen kan word met die eis dat gegradueerdes 'n deeglike fundamenteel-wetenskaplike skoling moet ontvang.

Toenemende eise van die mark plaas druk op die universiteite wat stads- en streekbeplanners oplei om produkte af te lewer wat onmiddellik in staat sal wees om produktief te wees. By implikasie beteken dit dat die Universiteit hom op aspekte soos onder andere tegniek en prosedure-ontwikkeiling moet toespits ten koste van fundamenteel — wetenskaplike vakke. Tradisioneel het die sentrale en provinsiale owerheid 'n belangrike rol vervul in die na-universitêre praktiese opleiding van stads- en streekbeplanners. Hoewel daar uitsonderings is, het private konsultante nie altyd dieselfde bydrae tot die ontwikkeling van die beplanner gelewer nie.

In hierdie verband word daar dus 'n beroep gedoen op die privaatkonsultante en die private sektor asook plaaslike besture wat beplanners in diens neem, om hulle verantwoordelikheid naas dié van die sentrale- en provinsiale owerhede te aanvaar en behulpsaam te wees met die na-universitêre opleiding van stads- en streekbeplanners. Die tydperk wat in terme van die Wet op Stads- en Streekbeplanners (Wet 19 van 1984) gestel word vir "beplanners in opleiding" alvorens hulle mag registreer, is van groot belang in die vorming van beplanners en moet deur die werkgewers nagekom word. Daar kan nie van universiteite

verwag word om gedurende die vier jaar graadopleidingstydperk t.o.v. hierdie faset van vorming alreeds te voldoen aan die vereistes ten koste van fundamentele kennis nie.

In bogemelde verband het die Van Wyk de Vrieskommissie onder meer soos volg bevind:

- (a) "Dit is die funksie van die universiteit om die geleerdheid te bevorder, deur die kennis van die eeu aan die lig te bring, te sistematiseer, elke faset daarvan te betrek in die vakwetenskappe as bestanddeel van die gehele wetenskapstruktuur en deur die blootlegging van nuwe kennis deur middel van ondersoek en navorsing. Dit gaan eers om basiese kennis en navorsing, en nadat dit uitgedra is in die samelewing, om daar werksaam te wees volg die toegepaste en gerigte kennis en navorsing.
- (b) Dit is die funksie van die universiteit om die student voor te berei vir die beoefening van 'n beroep waarvoor die maatskappy 'n universiteitsopleiding nodig ag en selfs voorskryf. Dit moet egter onderskei word van blote afrigting vir 'n beroep, wat nie die funksie van die universiteit is nie." (Van Wyk de Vries-verslag, par. 5.1).

Met verwysing na die rol van die Instituut as eenheid vir onderrig, blyk dit dat die samestelling van die Beplanningskool aan die PU vir CHO in twee eenhede, nl. die Departement Stads- en Streekbeplanning en die Instituut vir Beplanning en Ontwikkeling bepaalde voordele vir studente-opleiding inhou.

Deur middel van toegepaste navorsing bly die Instituut voortdurend in voeling met die mark. In sekere van die projekte word die studente — veral vierdejaar-Beplanningstudente wat hul skripsie moet voltooi — deel van die Instituut se navorsingspan en neem hulle deel aan die insameling van data, die verwerking en aanbieding daarvan asook interpretasie en aanbevelings. Op hierdie wyse word 'n volledige projek van die begin tot einde hanteer onder die leiding van geregistreerde stads- en streekbeplanners binne die Departement en Instituut.

Voordele wat bogemelde inhou, is dat studente leer om binne groepsverband aan 'n projek deel te neem waarin die individuele inset uiteindelik binne die groep moet lei tot aanbevelings oor 'n bepaalde projek.

In hierdie proses van onderrig vervul die Instituut op 'n besondere wyse 'n onmisbare rol. Dit is naamlik vanselfsprekend dat die praktiese werk wat aan die skripsies verbonde is, groot koste vir die student sal meebring. Omdat die Instituut die adres is waarheen instansies met beplanningsprobleme hulle wend, is dit in staat om geskikte projekte vir uitvoering met behulp van studente te onderskei en te sorg vir die nodige finansiering van die projek.

Die reëling hou egter ook 'n moontlike gevaar in: Indien die Instituut te veel sulke werk sou doen, kan dit beteken dat dit in mededinging optree met die beplanners wat hy tevore opgelei het. Daarom is daar sekere riglyne neergelê vir die aanvaarding van projekte deur die Instituut. Die eerste en vernaamste oorweging is dat die opdrag wat aanvaar word, sodanig moet wees dat studente ter wille van hul opleiding aktief daarby betrek moet kan word. Die werk moet dus nie net 'n oplossing of gewenste gedragslyn vir die borg lewer nie, maar ook 'n afgestudeerde beplanner vir die beplanningsberoep.

'n Tweede riglyn is dat die opdrag by voorkeur van so 'n aard moet wees dat die praktiserende beplanner dit moeilik sal kan doen. Die omvang van die nodige veldwerk moet byvoorbeeld so groot wees dat 'n individuele beplanner dit nie binne redelike tyd sal kan doen nie, terwyl die Instituut met die hulp van die Departement en selfs met dié van verwante departemente 'n hele span studente gelyktydig die veld kan instuur om die feite by wyse van vraagbrief of andersins te versamel. Dit kan ook wees dat die trefwydte van die probleem sodanig is dat 'n hele aantal dissiplines wat nie deel van die beplanner se opleiding vorm nie, daarby betrek moet word, in welke geval die Instituut weens sy interdisiplinêre aard sodanige hulp maklik by die Universiteit kan bekom — 'n kanaal wat nie geredelik oop staan vir die praktiserende beplanner nie. Dit is in sulke omstandighede dat die samewerking tussen Instituut en Departement so gepas is: die Departement lewer die studente wat nodig is vir die bestudering van die probleem en die moontlike oplossings, en die Instituut verskaf die infrastruktuur vir die praktiese werk en die nodige insette van die verwante dissiplines wat by die besondere probleem betrek moet word.

So word nie net maar beplanners vir die beroep opgelei en afgelewer nie; dit is ook 'n besondere soort beplanner wat afgelewer word, naamlik mense wat geleer het om onder geweldige druk van tyd in 'n span saam te werk, om sinvol en beskaafd met mense uit elke laag van die samelewing te kommunikeer, om die tersaaklike beplan-

ningsteorieë en die praktyk by mekaar uit te bring, om te kan praat met geleerdes uit ander dissiplines en hul insette op verantwoordelike wyse vir beplanningsdoeleindes te gebruik, en om uiteindelik die duisende impulse wat in die loop van die projekstudie byeen gebring is saam te smelt in 'n doelgerigte en uitvoerbare resultaat wat vir die opdraggewer nie net begryplik sal wees nie maar ook aanvaarbaar.

Hierdie opleidingsprogram van Departement en Instituut gesamentlik lewer 'n student af wat vier jaar lank deurentyd blootgestel was aan beplanning, nie net van die kant van boekgeleerdheid nie, maar ook van die kant van geordende praktyk. Die resultaat is 'n jong beplanner wat onmiddellik met sy lewenstaak kan begin.

Benewens die betrokkenheid van studente by projekte, bied die Instituut die voordeel dat kennis oor nuwe ontwikkeling in die beplanningsveld wat tydens toegepaste navorsing bekom word, deurgegee kan word aan die studente d.m.v. akademiese onderrig van die Departement.

'n Aspek waarop gewys word, is dat personeel aan die Universiteit toenemend in private hoedanigheid by projekte betrokke raak. Hoewel die optrede van personeel nie bevraagteken word nie, ontstaan die vraag tog of die akademiese voordeel t.o.v. nuwe feite wat tydens so 'n ondersoek bekom word, wel deurgevoer word na studente binne die akademiese opset. In hierdie verband bied die Instituut die geleentheid aan personeel om onbevange binne die bepalings van die Universiteit deel te neem aan projekte, waardeur kennis gekanaliseer kan word na die onderrigdepartemente.

In die KUH-ondersoek (1987 : 55) word dit gestel dat onderrig alleen goed kan wees as dit gerugsteun word deur diepgaande wetenskaplike navorsing.

Ten slotte kan dit t.o.v. die onderrig van studente gestel word dat die Universiteit as instelling, en diegene wat hul studie daar voltooi het, in hierdie gevaarlike en emosionele wêreld 'n bron van stabiliteit moet wees, 'n radarsentrum wat wyd verken, wat sy inligting stelselmatig orden, wetenskaplik ontleed, eerlik vertolk en onbevange deurgee en toepas. Hierdie taak vereis dat die Universiteit mense sal lewer wat gekenmerk word deur deeglike wetenskaplike kennis, 'n wye historiese perspektief, skerp onderskeidingsvermoë en 'n rustige oordeel. Die beplanningskool aan die PU vir CHO behoort dus deur wetenskapsbeoefening van die hoogste gehalte voort te gaan om

beplanners volgens internasionaal vergelykbare standaarde voor te berei en te vorm om op alle gebiede leiding te kan gee.

4.6 Gemeenskapsdiens

Ekonomiese druk op universiteite laat die vraag ontstaan of 'n instansie soos die Instituut vir Beplanning en Ontwikkeling hoegenaamd by gemeenskapsdiens betrokke kan raak en of alle middele van die Instituut nie aangewend moet word om geld vir die universiteit te genereer nie.

Die rol van die stads- en streekbeplanner is drieledig van aard nl., fasiliteerder, koördineerder en onderhandelaar (D. Conyers & P. Mills : 1986 : 231-233).

FASILITEERDER

As fasiliteerder is die rol van die beplanner om beplanning en ontwikkeling te bevorder deur die betrokke individue, organisasies en groepe bewus te maak van die doel en aard daarvan. Hy moet ook meehelp dat die beplanningsproses so vaartbelyn moontlik met die minste ongerief vir dié wat daardeur geraak word, deurgevoer word.

KOÖRDINEERDER

Askoördineerder moet die beplanner toesien dat individue, organisasies en groepe wat 'n belang het by, of oor kundigheid in 'n betrokke veld beskik, betrokke raak by beplanning en ontwikkeling.

ONDERHANDELAAR

As onderhandelaar is die beplanner se rol om konflikte op te los wat tussen verskillende individue, organisasies en groepe mag ontstaan, ten einde tot besluite te geraak wat versoenbaar met bepaalde strewes en oogmerke is. Die besluite moet realisties wees t.o.v. heersende toestande en bronne asook aanvaarbaar vir diegene wat dit moet goedkeur, die inwerkingstelling daarvan behartig, asook diegene wat daarby baat gaan vind (Eversley, 1973 ; Boiser, 1979.)

Slegs twee van die nege ontwikkelingstreke in die RSA, te wete streke B en F, beskik nie oor 'n universiteit in die streek nie. In die lig van die rol en taak van die universiteit soos in paragraaf 2 bespreek, blyk dit dat die streek waarin die universiteit hom bevind, sekere aansprake op die universiteit kan hê.

Soos 'n dorp en 'n streek onlosmaaklik aan mekaar verbind is, so is 'n universiteit aan sy streek en die streek aan die universiteit verbind. Die ontwikkeling en voorspoed van dié streek dra by tot die ontwikkeling van die universiteit t.o.v. studentegetalle, finansiële bydraes, navorsing ens. Die rol van die universiteit t.o.v. ontwikkeling van die streek kan dus nie genoeg beklemtoon word nie.

Een instrument waardeur die Universiteit sy rol in die streek kan vervul, is deur die Instituut vir Beplanning en Ontwikkeling wat as fasiliteerder, koördineer en onderhandelaar kan optree.

Die betrokkenheid van die Instituut as Werkgroep Navorsing van die Streekontwikkelingsadvieskomitee vir Ontwikkelingstreek J, betrokkenheid by die Steekontwikkelingsvereniging van Streek 23 en die Distrikontwikkelingsvereniging vir Potchefstroom en ander dorpe in die streek, gee uiting aan die rol van die Instituut as eenheid vir gemeenskapsdiens.

Ten slotte wil ek graag verwys na 'n ontwikkelingsaspek in die RSA-gedeelte van Ontwikkelingstreek J wat kommer wek.

Binne dié streek is daar 48 dorpe waarvan 19 swart dorpe is met verkose plaaslike besture.

Die meeste van die 48 dorpe beskik nie oor kundiges soos o.a. stadsbeplanners, ingenieurs, finansiële kundiges en regskundiges nie. 'n Tendens wat waarneembaar is, is dat a.g.v. ekonomiese en politieke oorwegings groter stadsrade ook nie meer geneë is om kundigheid aan kleiner plaaslike owerhede beskikbaar te stel nie. Hierdie toedrag van sake is nie bevorderlik vir ontwikkeling nie, en daar kan oorweging aan geskenk word om deur middel van die Universiteit gespesialiseerde dienste aan die streek beskikbaar te stel. Hier word veral gedink aan die instelling van 'n Adviesburo vir Plaaslike Bestuur wat toegespits is op die behoeftes van plaaslike besture. Sodoende kan die streek en die Universiteit steeds nader aan mekaar beweeg en kan die diens ook landswyd beskikbaar gestel word op dieselfde wyse as dié van die Adviesburo vir Kleinsake.

BRONNE

BEPLANNINGSADVIESRAAD, HULPKOMITEE (1970). Verslag en aanbevelings oor die verhoudings tussen die regering, provinsiale en plaaslike besture op die gebied van fisiese beplanning. Departement van Beplanning.

CONYERS, D. en HILLS P. (1986). An introduction to development planning in the third world. London. John Wiley & Sons Ltd.
 DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING (1982). Die kwalifikasie- en studieprogramme van universiteite in Suid-Afrika. SANSO -115. Pretoria. DNO.
 DOXIADIS, C.A. (1968). Ekistics: an introduction to the science of human settlements. London : Hutchinson.
 DU PLESSIS, S.J.P. (1987). A third world university for a third world country. Bulletin for university teachers, Rand Afrikaans University. Volume 19 No. 3 Desember 1987.
 HAKEL, D.; SORCHERD, M.; DE BEER, M.; MOSES J.L. (ed) (1982). Making it happen. Designing research with implementation in mind. Beverly Hills; Sage.
 GEDDES, SIR PATRIC. (1949). Cities in evolution. London : Williams & Norgate.
 GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, (1983). (Wet no. 110 van 1983) Staatsdrukker, 28 Sept.
 JOUBERT, W.A., red. (1976). The law of South Africa, Vol. 1, Durban : Butterworth.
 KOMITEE VAN UNIVERSITEITSHOOFDE. (1987). Verslag van die hoofkomitee van die KUH-Ondersoek : Makro-aspekte van die universiteitswese binne tersiêre onderwysverband in die RSA. Pretoria.
 MANPOWER SERVICES COMMISSION, (1988). Universities, enterprise and local economic development : An exploration of links, based on experience from studies in Britian and elswhere. Prepared by Segal Quince Wicksteed. Crown Copyright 1988.
 OLIVIER, P.J.J. (1985). Wat is in die openbare belang? Getuienis voor die OVS-Dorperaad 4 Nov. Ongepubliseer.
 POTGIETER, F.J. (1974). Beplanning as veld van Christelike wetenskapsbeoefening. Ongepubliseer.
 ROSE, E.A. (1974). Philosophy and purpose of planning. (*In* Bruton, M.J., red. The Spirit and Purpose of Planning. London : Hutchinson. p. 23-65).
 ROSE INNES, L.A. (1963). Judicial review of administrative tribunals in South Africa. Cape Town.
 SENTRALE STATISTIEKDIENS: Verslag no. 02-85-01.
 SOSIALE EN EKONOMIESE PLANNERAAD. (1944). Verslag no. 5, Streekbeplanning en stadsaanleg.
 UNITED NATIONS, (1967). Symposium on planning of metropolitan areas and new towns. Moscow, 1964. New York.